

INHOUDSOPGAWE

<i>Dit is tyd om die Daniël-gebed te bid</i>	11
<i>Die oorspronklike Daniël-gebed</i>	18

Deel een: Berei voor om te bid

1. Verbind tot gebed	23
2. Genoodsaak om te bid	37
3. Gesentreer in gebed	54

Deel twee: Smeekgebede

4. Smeek met vertroue	73
5. Smeek met belydenis	103
6. Smeek met duidelikheid	127

Deel drie: Seëvier in gebed

7. Dadelik beantwoord	143
8. Uiteindelik beantwoord	156
9. Spesifiek beantwoord	166

Deel vier: Voorbeelde vir gebed

Voorbeelde wat help om jou gebede te rig	181
'n Gebed met God as die middelpunt	183
'n Gebed wat genoodsaak is	186
'n Gebed wat vol vertroue is	189
'n Gebed wat vol berou is	192
'n Gebed wat duidelik is	198
'n Gebed vir die stryd	200

<i>Epiloog: Die Daniël-gebed is 'n stryd</i>	204
<i>Dankie, spanne!</i>	217
<i>Eindnote</i>	223

DIT IS TYD OM DIE DANIËL-GEBED TE BID

Dit lug was elektries gelaai.

Mense het geskree, gehuil en by God gesmeek. Sommige het met hulle hande in die lug gestaan, ander was op hulle knieë, terwyl nog ander uitgestrek op die vloer gelê het. My broer Franklin het pas by die ouditorium ingekom en ek onthou dat ek sy gesig skrams gesien het by die deur, sy oë wyd gesper terwyl hy die woorde vorm: “Wat gaan aan?”

Ons was in Suva, Fidji, waar Samaritan’s Purse ’n konferensie vir kerkwerkers aangebied het. Ongeveer 600 mense van die dosyn omringende eilande het dit bygewoon. Ek het pas vir hulle die storie vertel van Samuel, en die hartseer waarheid gedeel dat alhoewel hy ’n rigter, profeet en uitmuntende mentor van konings was, Samuel nie ’n baie goeie pa was nie. Sy seuns het nie die Here gedien nie. My uitdaging aan die hoofsaaklik manlike gehoor was om nie soveel op hulle bediening gefokus te wees dat hulle hul vroue en kinders afskeep nie.

Toe ek die uitnodiging gerig het dat hulle hul sonde moet bely en hulle daartoe verbind om hul kinders in die weë van die Here te onderrig, het bykans die hele gehoor van leraars en kerkleiers vorentoe gekom. Hulle het hul harte begin uitstort en God dringend, desperaat en hartstogtelik gesmeek om vergifnis, genade en seën. Hulle het nie in ander tale gebid nie. Ek kon verstaan wat hulle sê, maar die atmosfeer was gevul met God se teenwoordigheid.

Ek onthou hoe ’n vrou my arm gegryp en in haar gebeds-

kring ingetrek het. *Bid?* Ek het geïntimideer gevoel om in so 'n groep te bid. Met goeie rede. Toe ek my mond oopmaak en probeer bid, het my stem hol geklink. My gebed het armoedig en ontoereikend gevoel te midde van sulke vurige intensiteit.

Ek het nog nooit gebede gehoor soos daardie dag in Suva, Fidji, nie. Eintlik ek het al selde gebed soos daardie dag op enige ander plek gehoor. Dit het my laat wonder hoekom ons gebede dikwels nie daardie tipe krag, passie en oortuiging het nie. Wat mis ons? Wat het ek gemis?

Hoewel daar meer as een antwoord op my vraag kan wees, kan dit dalk wees dat een ontbrekende bestanddeel 'n algehele, onvoorwaardelike, alles of niks, volhardende toewyding aan gebed is? Die tipe toewyding wat gebore word uit desperaatheid. 'n Diep begeerte. 'n Hartroerende verlange. Die tipe toewyding van atlete om 'n wedloop, of die wedstryd, of die trofee of die medalje te wen. Die tipe toewyding wat opofferings maak, verantwoordelikheid aanvaar, verpligtinge nakom en hindernisse oorkom.

Die tipe dringende smeking wat ons in die Daniël-gebed kry.

Hierdie is nie 'n terloopse, elkedagse, bid-soos-jy-voel, gewone, algemene tipe gebed nie. Dit is nie eens 'n noodfakkel wat opgeskiet word as noodroep nie. Die Daniël-gebed is 'n verbintenis. 'n Verbintenis wat volhard in alle en enige krisis totdat die hemel beweeg en nasies verander word.

Die oorspronklike Daniël-gebed was 'n desperate noodroep wat een man, Daniël, gebid het namens sy nasie – Juda – wat onder God se oordeel gekom het. Vir 'n hele generasie – vir 70 jaar – is sy mense deur hulle vyand, die Babiloniërs, gevange gehou en geskei van God se plek van seën.

Die hartseer werklikheid is dat God die nasie herhaaldelik waarsku het dat as hulle nie as nasie sondebelydenis doen nie, die oordeel sal kom.

Daniël se mense moes geweet het dit is geen ydele dreigement nie, want toe die tien noordelike stamme van Israel afgodsdien aanvaar het en God se herhaaldelike waarskuwings van oordeel geïgnoreer het, het God die Assiriërs gestuur om die Noordryk te verwoes (2 Kon. 17:16-23). Die Suidryk van Juda, saam met die kleiner stam Benjamin, was die oorblyfsel van wat die nasie van

Israel onder heerskappy van koning Dawid en sy opvolgerseun, Salomo, was.

God het nou daardie selfde waarskuwings aan Juda gerig. Hy het boodskapper op boodskapper gestuur, onder andere Jeremia, Habakuk en Sefanja, wat getrou die boodskap gebring het met elke moontlike klem en nuanse. Die boodskappers se boodskap was duidelik, kragtig, visueel, hoorbaar, emosioneel, feitelik, akkuraat en waar. Die mense kon nie sê hulle het dit nie verstaan nie. Maar die nasie van Juda het geweier om hulle aan God se waarskuwings te steur, en die gevolg was oordeel.

Oordeel het gekom in die vorm van die Babiloniërs onder bewind van die genadelose koning Nebukadnesar. Hulle het vantevore vir Assirië en daarna vir Egipte oorwin. Ná die oorwinning van daardie twee groot wêreldmoondhede het hulle deur Juda gestorm, Jerusalem met die grond gelyk gemaak, die tempelskatte gesteel en God se volk met geweld na Babilon weggevoer in 'n reeks van drie deportasies, en 'n hele nasie effektief tot slawe gemaak. In 'n relatief kort tydjie is Juda van die nasionale toneel verwyder. Sy het nie meer bestaan soos sy vir meer as 500 jaar bestaan het nie. Sy was 'n volk en nasie in ballingskap.

Daniël was ongeveer 15 jaar oud toe hy deur die Babiloniërs gevange geneem en meer as 1 200 kilometer oos van Jerusalem weggevoer is om as 'n slaaf aan Nebukadnesar se hof te gaan dien. Sy situasie het uiters hooploos en hulpeloos gelyk. Daar was geen menseregtekommissie tot wie hy hom kon wend nie, geen vriendelike regering vir wie hy kon vra om in te tree nie, geen internasionale strafhof om sy saak op te neem nie, geen droomspan prokureurs om hom te verteenwoordig nie. Hy is ontvoer om 'n koning te gaan dien wat absolute wêreldmag gehad het en aan niemand verantwoordbaar was nie.

Tog het Daniël God deur dit alles heen verheerlik deur sy karakter en optrede. Sy diens was so uitsonderlik dat hy vinnig opgang gemaak het totdat hy 'n nasionale leier en raadgever vir konings geword het. Omdat hy nog so jonk was, het Daniël dalk nie uit ervaring geweet hoe kragtig gebed kan wees nie. Maar namate sy storie ontvou, word dit duidelik dat hy iets geweet het oor die krag van sy God, alhoewel sy kennis dalk nie gegrond was op sy eie ervaring nie, maar op sy nasie se geskiedenis. Dit

het Daniël egter nie lank geneem om, in die desperate situasies waarin hy hom bevind het, God se krag deur gebed te ontdek nie. Omdat God al was wat Daniël gehad het. Hy het hom weer en weer tot God gewend met soveel geloof en in absolute afhanklikheid dat God daar was vir hom. Kragtig. Persoonlik. Dramaties. Herhaaldelik.

Daniël se vinnige opgang na vernaamheid is selfs meer merkwaardig, want toe hy as jong tiener in Babilon aangekom het, is hy onderwerp aan vreemde praktyke, 'n onbekende taal, oordadige kleredrag, eksotiese kosse en afgode – 'n tipe kulturele breinspoeling. Hy is van sy identiteit gestroop en 'n nuwe naam gegee, Beltsasar (Dan. 1:7). Die doel van die nuwe naam, wat 'n eerbetoon was aan 'n Babiloniese god, sou wees om Daniël se lojaliteit en trou aan sy eie God te vernietig. Hy is ook wreed gestroop van sy manlikheid en gedwing om 'n ontmande te word om hom nog meer onderdanig te maak aan sy nuwe meester.¹ Hy is ook die opdrag gegee om vals gode te vereer deur kos te eet wat eers aan hulle geoffer is.

Die oorkoepelende boodskap was duidelik. Daniël moes die koning met sy hele hart, gedagtes, siel, liggaam en krag dien. Hy moes hom so met Babilon vereenselwig dat hy afgesny sou word van sy verlede om die hede as sy enigste realiteit te aanvaar. Alles is ontwerp om Daniël te dwing om te konformeer met die Babiloniese gietvorm om Nebukadnesar te dien.

“Daniël het egter besluit dat hy nie homself met die koning se kos en drank gaan verontreinig nie” (Dan. 1:8). So het sy merkwaardige loopbaan begin wat gestrek het oor twee wêreldryke en sy nasie se gevangenskap. Hy het ten spyte van groot risiko vir homself weer en weer getrou gebly aan God. In ruil het God vir hom “kennis gegee, insig in dinge wat neergeskryf is en ook wysheid. Vir Daniël het Hy die vermoë gegee om gesigte en drome te verstaan” (Dan. 1:17). Hy het uiteindelik die pos beklee gelykstaande aan 'n eerste minister onder vier keisers: Nebukadnesar, Belsasar, Darius en Kores.

Tog het Daniël nooit die tempel vergeet wat die hart van Jerusalem en die nasie was nie. Selfs aan die einde van sy lewe het hy die offers onthou wat daar aan God gebring is as 'n daad van gehoorsame aanbidding. Hy het elke dag van sy lewe terug-

verlang na Jerusalem, soos gesien kan word in die feit dat hy drie keer 'n dag gebed het met sy gesig gedraai in die rigting van waar sy geliefde stad was.

Daniël se lewe is weer en weer bedreig en was oënskynlik op die rand van uitwissing. Maar elke keer het God in reaksie op Daniël se merkwaardige, standvastige geloof sy bonatuurlike krag gedemonstreer om die een te eer wat Hom geëer het (1 Sam. 2:30). Hy het wonderbaarlik ingegryp om Daniël te red van Nebukadnesar se woede, Belsasar se dwaasheid en Darius se fanatisme totdat Hy die grootste wonderwerk van almal gedoen het in antwoord op Daniël se gebed. God het Kores beweeg om 'n dekreet uit te vaardig dat elke Jood wat in Babilon gebly het ná 70 jaar se gevangenskap kon huis toe gaan.

Watter tipe gebed is aangebied deur een man namens 'n hele nasie wat onder die oordeel van God was, wat die hemel beweeg en 'n nasie verander het?² Wat was die geheim vir die geestelike herstel, vernuwing en herlewing van Juda? Wat kan ons vandag van Daniël se gebed leer wat die hemel sal beweeg en ons geliefde nasie verander? Is dit enigsins moontlik dat die gebed van een persoon, ná 'n volle generasie van afvalligheid en skeiding van nasionale geloof in die lewende God, vernuwing, herstel en herlewing vir ons nasie kan bring? (Terloops: Oral waar ek in hierdie boek praat van "ons nasie" verwys ek natuurlik ook na jǒu nasie. Eien dit daarom vir jǒu land en nasie toe.)

Dit is wat ek wil uitvind.

Ek dink dit is tyd om soos Daniël te bid.

Nǒu.

Moenie 'n fout maak nie, ons nasie – ons wêreld – kom onder die oordeel van God. Teen die tyd dat hierdie boek gepubliseer word, kan hierdie realiteit selfs nog duideliker wees as wat dit op die oomblik is terwyl ek skryf. God gebruik dramatiese wêreldgebeure om mense se aandag te kry. Openbaring 6-9 en baie ander Skrifgedeeltes (Gen. 6-8; 19:23-29; Joël 1-2; Hab. 1-3; Matt. 24:4-8, 29; 2 Pet. 3) openbaar dat sulke aanwysers aan die einde vervleg sal wees met sy oordeel. Die tekens is oral om ons.

Wanneer natuurlike rampe – orkane, aardbewings, vulkaniese uitbarstings, sneeustortings, bosbrande, vloede, droogtes en

tornado's – herhaaldelik rekords breek en lewens eis ...

Wanneer gerugte van oorlog daaglik oor die wêreld heen opklink omdat wispelturige leiers ooreenkomste en alliansies verbreek, ander nasies boelie en soewereine grense ignoreer ...

Wanneer terroriste onskuldige mense vermoor en wydverspreide chaos en vrees veroorsaak ...

Wanneer ons kultuur behep raak met glanspersoonlikhede sonder enige morele waardes wat hulle sondige prestasies sensationaliseer ...

Wanneer vroue en kinders vir miljoene rande verkoop, mishandel en verneder word vir pornografiese wins ...

Wanneer werk, sport, fliëks, videospelletjies en tegnologiese speelgoed ons gedagtes oorheers en geen tyd laat om te konsentreer op wat werklik saak maak nie ...

Wanneer politieke oplossings herhaaldelik faal om reg te maak wat met nat oë, gebroke harte en gebuigde knieë moes begin het ...

Is dit tyd om op te kyk. Is dit tyd om uit te roep. Is dit tyd om te bid.

Ek weet ons moet versigtig wees wanneer ons huidige gebeure en natuurrampe interpreteer. Dit reën op die regverdiges én die sondaars. Daar gebeur dikwels slegte dinge met goeie mense vir geen ooglopende rede nie. Maar God het my nie geroep om huiwerig of sonder enige goeie Bybelse grondslag te praat oor wat ek om ons sien gebeur nie. Daar is drie redes waarom ek dink God se geduld begin dalk opraak.

Een: Ons het gewillig, opsetlik, doelbewus bykans 60 miljoen kinders doodgemaak. Die meeste van hierdie aborsies is nie om mediese redes gedoen nie, maar vir die gerief van die ma's as 'n manier om geboortebepierking toe te pas.³

Twee: Ons miskenning van God se instelling van die huwelik.

Drie: Ons verlating van die nasie van Israel.

Ek gebruik die woord "ons" om na ons nasie te verwys in hierdie redes vir God se oordeel. Hierdie drie sondes sou sekerlik God se oordeel bring oor enige groep of nasie wat dit doen, maar dit is veral kommerwekkend om te sien hoe lande wat op geloof gevestig is, Hom uitdaag, Hom uit ons openbare lewe probeer haal en teen sy weë in opstand kom.

Daar is net een oplossing.

Wanneer ons gekonfronteer word met God se regverdige oordeel, is daar niks ... niks ... geen politieke party of president, geen regering of ooreenkoms, geen instelling of organisasie, geen media of bediening, geen ekonomie of weermag, geen alliansie of verdrag ... niks wat ons sal omkeer nie behalwe gebed.

Opregte, desperate gebed. Gebed waar die bidders hulle harte skeur, terugkeer na die kruis en persoonlike en nasionale sondebelydenis doen. Net gebed wat die hemel beweeg, kan 'n nasie verander.

En dit is die Daniël-gebed.

DIE OORSPRONKLIKE DANIËL-GEBED

DANIËL 9:1-23

Dit was in die eerste regeringsjaar van Ahasveros se seun Darius. Hy was 'n Mediër. Hy het oor die Babiloniërs regeer. Tydens die eerste jaar van sy koningskap het ek, Daniël, die Skrifte van wat die HERE vir die profeet Jeremia gesê het, nagegaan oor die tydperk wat Jerusalem verval sou lê. Dit sou 70 jaar wees. Ek het toe voor God die Here gekom en gevas en gebid. Ek het sakke aangetrek en as oor my gestrooi.

Ek het tot die HERE my God gebid en voor Hom my skuld bely. Ek het gebid: “Ag, Here, U is 'n groot en geweldige God. U hou by u verbond. U bly lojaal aan dié wat u bepalings navolg.

“Ons het gesondig en verkeerd gedoen. Ons het teen U oortree en van u bevale en gebooie afgewyk. Ons het nie na u dienaars, die profete, geluister nie. Hulle het namens U met ons konings, ons leiers, ons voorgeslagte en almal wat in die land woon, gepraat. U is reg, Here. Ons staan vandag beskaamd voor U, ons almal wat aan Juda behoort en in Jerusalem woon, ons almal van Israel wat naby en ver is in al die lande waarheen U ons verban het omdat ons aan U ontrou was. HERE, ons is skaam omdat ons konings, ons leiers en ons voorouers teen U gesondig het.

“Maar die Here, ons God, ontferm Hom oor ons en vergewe ons, selfs al het ons teen Hom in opstand gekom.

“Ons was nie gehoorsaam aan die HERE ons God om te lewe volgens die voorskrifte wat Hy vir ons gegee het deur

sy knegte, die profete, nie. Die hele Israel het van u bepalings afgewyk en weggedwaal omdat ons nie na U geluister het toe U ons geroep het nie.

“U het nou oor ons die dreigemente en vervloekings laat kom wat in die wet van u dienaar Moses geskryf staan, want ons het sonde teen U gedoen. U het presies met ons en ons leiers laat gebeur wat U ons beloof het. Daar was nog nooit so ’n groot ramp op aarde soos die een wat U oor Jerusalem laat kom het nie. Elke vervloeking wat in Moses se wet staan, het oor ons gekom. Nogtans het ons ons nie voor die HERE verootmoedig en gebreek met ons sondes en gesoek na u waarheid nie. Die HERE het teëspoed oor ons laat kom. Die HERE ons God is reg in alles wat Hy doen, want ons het nie na Hom geluister nie.

“Here, ons God, U het u volk met krag uit Egipte verlos en so die goeie Naam gemaak wat U vandag nog het. Maar ons het oortree. Ons het goddeloos opgetree. Here, tree regverdig op en neem weg u vurige woede van u stad Jerusalem, daar waar u tempel is. As gevolg van die sonde en die oortreding van ons voorouers het Jerusalem en u volk ’n bespotting geword in die oë van almal wat rondom ons woon.

“Ons God, luister tog na die gebed van u dienaar en sy smeking. Ter wille van Uself, word tog weer goedgesind teenoor u verwoeste tempel, Here.

“Spits tog u ore, maak oop u oë, sien ons ellende raak! Kyk hoe lyk die stad wat u Naam dra! Ons vra dit nie omdat ons regverdig is nie, maar ons smee U omdat U barmhartig is. Here, hoor tog! Here, vergewe ons! Here, luister tog en doen iets daaraan! Moenie nog wag nie, o God, want u stad en u volk dra u Naam.”

Ek het aangehou om te bid en my en my volk se sonde te bely. Ek het gepleit by die HERE my God, ter wille van sy heilige tempel.

Terwyl ek nog besig was om te bid, het Gabriël, wat ek in die eerste visioen gesien het, na my toe gekom. Dit was teen die tyd dat die aandoffer gebring word. Hy het my ingelig en vir my gesê: “Daniël, ek het na jou toe gekom sodat jy insig kan kry en verstaan. Reeds toe jy begin bid het, is ek beveel om te kom en vir jou te verduidelik. Jy is kosbaar vir God. Luister na die verduideliking sodat jy kan verstaan waaroor die visioen gaan.”

DEEL EEN

BEREI VOOR OM TE BID

*Volhard in die gebed. Bid terwyl julle
geestelik waaksaam en dankbaar is.*

KOLOSSENSE 4:2

VERBIND TOT GEBED

Daar word vertel dat Susanna Wesley, ma van 19 kinders, onder wie John en Charles, haar voorskoot oor haar gesig gegooi het wanneer sy 'n privaat oomblik vir haar gebede wou hê. 'n Sondagskoolonderwyseres het eenkeer vertel toe haar drie kinders klein was, het sy hulle dikwels in die huis laat rondhardloop en dan in hulle speelhok geklim vir 'n privaat oomblik van gebed. My eie ma het my aangemoedig om te bid waar ek ook al was en ongeag waarmee ek besig was. Dit was haar weergawe van Paulus se opdrag aan Jesus se volgelinge in Tessalonika toe hy vir hulle gesê het: "Moenie ophou bid nie" (1 Tess. 5:17).

Alhoewel ek weet ons kan enige tyd, enige plek oor enigiets bid, is die Daniël-gebed anders. Dit is 'n verbintenis. En ek is seker ons verbintenis, of gebrek daaraan, verander ons lewens.

Die belangrikste verbintenis wat ek al ooit gemaak het, was om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Dit het elke area van my lewe beïnvloed, sowel as elke greintjie van my wese – verstandelik, emosioneel, fisiek sowel as geestelik. Dit is 'n verbintenis wat ek steeds uitleef, elke oomblik van elke dag. Daardie verbintenis bepaal hoe ek my geld en tyd bestee, wie my vriende is en wie my vyande, die gewoontes wat ek vorm en die gewoontes wat ek verbreek, waarheen ek gaan en wat ek doen. Dit is 'n verbintenis wat lewensveranderend en lewensvormend is.

Ek het nog 'n belangrike lewensveranderende, lewensvormende verbintenis aangegaan toe ek ja gesê het vir Danny Lotz se huweliksaansoek. Dit het my na 'n mylpaal-oom-

blik gelei op 2 September 1966 om agtuur die aand. Ek het in die dubbeldeur-opening van Gaither-kapel in Montreat, Noord-Carolina, gestaan; die klein Presbiteriaanse kerk waarin ek grootgeword het, gedoop is en my eerste openbare getuienis gelewer het.

Ek was by my pa ingehaak en ons het saam gewag vir die huwelikskoördineerder om die teken te gee dat ons met die paadjie kan begin afstap. Die klipkapel was propvol honderde spesiale vriende en gaste wie se koppe na agter gedraai was om 'n eerste kykie te kry van ons. Met die kerslig wat 'n sagte, romantiese atmosfeer geskep het en die oorvloed wit blomme wat 'n ligte blommegeur afgegee het, het die hele toneel soos iets uit my drome gelyk.

Ek en Pappa het in dieselfde paadjie afgestap in dieselfde kerk waar hy en Mamma 23 jaar tevore getroud is. My lang, gretige bruidegom het met 'n breë glimlag voor in die kerk gewag waar ons hom ontmoet het. My pa het my op die wang gesoen, my hand in Danny s'n gesit en toe voor ons gaan staan en ons deur die huweliksbeloftes gelei voordat hy ons as man en vrou verklaar het. Toe ek "ja" sê, het ek geweet daar was geen omdraaikans meer nie. Want 'n huwelik is 'n verbintenis.

My man het op 19 Augustus 2015 hemel toe gegaan. Dit is interessant dat my verbintenis aan hom ná 49 jaar se getroude lewe steeds baie sterk is, ten spyte daarvan dat hy weg is. Ek leef steeds daardie verbintenis uit. Dit het tyd geverg. Energie. Opofferings. Dit het my op elke moontlike manier geraak, op elke vlak, elke dag. Dit was nie altyd maklik nie, maar God het ons verhouding geseën. Dit was soms moeilik om in stand te hou, veral toe ek Danny se voltydse versorger geword het. Maar ek het my daartoe verbind om sy vrou te wees. Ek het daardie verbintenis deurgesien totdat Jesus hom kom haal het om huis toe te gaan. Die voortdurende en diepte van my huweliksverbintenis help my die geestelike dinamika verstaan van die liefde en opoffering wat nodig is as ons God se getrouheid deur die lewe se oppe en affe wil ervaar.

En dit is die Daniël-gebed. Dit is 'n verbintenis om te bid totdat die gebed beantwoord word. Dit is nie maklik nie. Dit verg tyd. Energie. Opoffering. Dit behels die lees en smeek van God

se beloftes. Dit word gemotiveer deur 'n heelhartige liefde wat bereid is om te ly, om te bely, om op te offer – om te doen wat ook al nodig is om 'n antwoord te kry. Maar wat jy ook al moet offer of belê om die verbintenis te maak, die Daniël-gebed sal 100 keer meer werd wees as dit wanneer die hemel beweeg en hierdie nasie verander word.

Daniël leer ons van gebed deur sy eie voorbeeld. Een ding wat hy ons leer, is dat sy verbintenis aan gebed voorbereiding geverg het. Net soos 'n atleet nie kan verwag om te wen deur net in die wegspringblokke te sak sonder enige oefening nie, kan die verbintenis tot gebed nie net gebeur nie. Dit verg voorbereiding.

BEREI 'N PLEK VOOR VIR GEBED

Daniël het 'n spesifieke plek gehad waar hy gebid het; dit was 'n vertrek bo in sy huis waarheen hy drie keer 'n dag onttrek het (Dan. 6:11). Ons weet niks anders van hierdie vertrek nie, behalwe dat die venster na die weste uitgekyk het. Sy voorbereidings kon so eenvoudig gewees het soos om hierdie spesifieke plek af te sonder sodat hy ongehinderd en sonder enige afleidings daar kon bid. 'n Toevlug weg van die allesverterende kultuur waarin hy hom bevind het.

Ek is oortuig ons almal het so 'n heilige plek eenkant nodig vir spesiale tyd alleen saam met God. My voorafbepaalde, voorbereide plek vir gebed in my huis is 'n hoek in my woonvertrek. Aan die een kant van die stoel waarin ek sit, is 'n kaggel. Op koue oggende steek ek 'n vuur aan wat 'n gesellige omgewing skep wat ek baie bekoorlik vind. Aan die ander kant is 'n tafel met 'n laai waarin ek verskillende Bybelvertalings, drie klein oordenkingsboekies, 'n Bybelstudie-notaboek, 'n persoonlike joernaal, my leesbril, potlood, pen, aantekeningboek, iPad en snesies hou. Ek wil alles in plek hê sodat wanneer ek gaan sit om te begin bid, ek nie heelyd hoof op te spring om my pen of my bril of snesies vir my lopende neus te gaan soek nie. Om al daardie dinge bymekaar te kry, het voorbereiding geverg wat behels het die kies van 'n Bybel wat nie saam met my reis nie, maar net vir gebed gebruik word sodat dit selde van daardie tafeltjie verwyder word. So weet ek dit is altyd byderhand wanneer ek bid.

Ek weet egter ook ek het die gereelde, gedissiplineerde gebede van ander nodig. Toe ek amper 30 jaar gelede met my internasionale bediening begin het, het God my dit op die hart gedruk om 'n persoonlike gebedspan te vestig. Hulle kom Donderdagoggende in een van die lede se huis bymekaar. Ek stuur op Woensdae vir hulle 'n weeklikse gebedsbrief met 'n lys antwoorde op die vorige week se gebede, asook versoeke vir die volgende week. Vier van die tien dames wat tans in die span is, is al van die begin af in my gebedspan. Ek is bo verwagting geseën toe my dogter Rachel-Ruth Wright nie net geroep gevoel het om deel te word van my gebedspan nie, maar twee jaar gelede ook as die voorsitter gekies is.

Terwyl hierdie vroue vir my persoonlik bid, het ek 'n klompie jare gelede daarvan bewus geword dat ons bediening se kantoorpersoneel ook 'n toegewyde gebedspan nodig het. Daarom het ek 'n plek ingeruim in die kantoor. Ek het dit gedoen nadat ek een oggend tydens my vroegoggend-studie van Eksodus getref is deur die feit dat Moses 'n tent buite Israel se kamp opgeslaan het as gebedstent. Ek het geweet God druk dit my op die hart om 'n vertrek in die kantoor af te sonder waar daar net gebid sal word. Daarom het ek dit gedoen.

Ek het 'n vertrek in die middel van die gebou gekies en genoeg stoele daarbinne gesit vir elke persoon wat by AnGeL Ministries werk. Ek het die mure 'n donkerblou laat verf om 'n stil, afgesonderde atmosfeer te skep. Aan die een kant van die vertrek is daar 'n klein bankie voor 'n groot kruis; 'n kruis gemaak van spieëls sodat almal wat voor die kruis kniel hulle weerkaatsing daarin kan sien. Aan die ander kant van die vertrek is 'n gemakstoel met 'n tafel langsaan waarop 'n lamp, 'n boks met snesies, 'n Bybel en 'n kartonboksie staan met gebedsversoeke wat mense aan ons bediening stuur. Buite die vertrek het ek 'n klein geraamde bordjie gehang met die woorde: Die ontmoetingsplek (Eks. 33:7-11).

Hoewel personeel deur die loop van die dag by die vertrek kan inglip wanneer hulle 'n paar oomblikke van stil nadenke, meditasie en gebed nodig het, het ek gevoel meer georganiseerde gebed is nodig. Daarom het ek vir God gevra om vir my die name te gee van die vroue wat Hy gekies het om deel te wees van die AnGeL Ministries-kantoorgebedspan. Hy het. Toe ek hulle bel, het

elkeen ingestem om te dien. Nog 'n onmiddellike en kosbare persoonlike seëning was dat my dogter Morrow Reitmeier een van die name was wat God op my hart gelê het. Sy het ingestem om op die kantoorgebedspan te dien en is sedertdien deel van die span.

Van daardie dag af tot vandag toe kom hierdie ses vroue elke week op Donderdagoggend in Die ontmoetingsplek bymekaar om vir ons kantoorpersoneel en bediening se behoeftes te bid. Daarvoor moet die kantoorpersoneel teen Dinsdagmiddag hulle individuele gebedsversoeke by die gebedsvoorsitter inhandig sodat sy die lys aan haar span kan e-pos. Sodoende is die gebedspan reeds voorbereid om te bid wanneer hulle Donderdagoggend opdaag. Een keer 'n maand nooi die gebedspan 'n personeellid na die byeenkoms om 'n vars, eerstehandse begrip te kry van sy of haar persoonlike of professionele behoeftes.

Die positiewe verskil wat gebed in ons kantoor en bedieningspersoneel gemaak het, is onmeetbaar. My personeel se harte loop oor van liefde vir God se Woord, God se Seun, God se evangelie, God se mense – vir mekaar en vir my. Die harmonie, eenheid, doeltreffendheid en standvastigheid is ongelooflik. Dit is bonatuurlik. Dit is 'n duidelike bewys dat God gebed hoor en verhoor.

Hoewel God ons ontmoet waar of wanneer ons ook al tot Hom roep, vereis 'n Daniël-gelykvormige verbintenis oorweging en voorbereiding om die impak van ons gebede te vergroot. Vir my het die verbintenis begin met my besluit om gebed die middelpunt van my bediening te maak. Ek moes daardie verbintenis in stand hou deur te verseker dit word volkome uitgevoer deur die gebedspan.

Dink vir 'n oomblik hieroor na. Hoewel jy dalk nie 'n gebedspan nodig het om vir jou te bid nie, het jy dalk een of twee vriende wat jou gebedsvennote kan wees? Mense saam met wie jy een keer 'n week kan bid of wanneer jy deur moeilike tye gaan en voel jy het die ondersteuning van iemand anders se gebede nodig? En het jy 'n vasgestelde ontmoetingsplek? Sal jy dit oorweeg om een in te rig? Verbind jou daartoe om gebed die middelpunt van jou huis en kantoor te maak.

Ek weet nie almal het 'n plek wat hulle net vir gebed kan inruim nie. Toe my suster se kinders nog klein was en sy in 'n klein huis gebly het, het sy haar Bybelstudiemateriaal in 'n kartonboks

onder haar bank in die woonvertrek gehou. Wanneer sy 'n paar oomblikke gehad het, het sy haar boks uitgetrek en alles byderhand gehad wat sy nodig gehad het vir gebed. Natuurlik het haar verbintenis tot gebed vereis dat sy 'n boks voorberei met materiaal wat maklik beskikbaar was. Sy het 'n manier gevind om dit te laat werk binne die konteks van haar omstandighede – iets wat ons almal kan doen.

Ek ken besigheidsmense wat 'n uur vroeër in die oggend kantoor toe gaan sodat hulle tyd kan hê om te bid. Hulle “materiaal” is op elektroniese toestelle sodat hulle alles wat hulle nodig het om die Here te ontmoet voordat hulle dag begin byderhand het. Maar daar is selfs voorbereidings nodig vir elektroniese toestelle sodat hulle maklik beskikbaar is om vir gebed te gebruik. Jy moet apps aflaai vir die Bybel, vir oordenkings en vir ander materiaal om jou gebedstyd te verryk.¹

Moet dit nie net oorweeg om 'n plek by jou huis of kantoor in te rig vir gebed nie, maar verbind jou daartoe om dit te doen. Nou. Sien dit dan deur en doen dit.

BEPAAAL 'N TYD VIR GEBED

Gebed help ons om ons geloof in God te anker. Dit is soos om ons geestelike kompas in te stel sodat die naald van ons geloof, ongeag die kinkels en kronkels gedurende die dag, altyd in God se rigting sal wys. Daniël se lewe was geanker in gebed. Hy het die gewoonte gevestig om God drie keer 'n dag op die vasgestelde plek te ontmoet en hy het volgehou met daardie verbintenis selfs toe hy onder druk was en 'n lewensbedreigende aanval trotseer het (Dan. 6:11).

Het jy buiten jou afgesonderde plek vir gebed ook 'n bepaalde tyd om God in gebed te ontmoet? Wanneer bid jy?

Ek het vir jare gesukkel om soggens vroeg op te staan om te bid. Ek het geweet, en weet steeds, enige tyd deur die loop van die dag is vir God aanvaarbaar. Maar ek kon net nie van die oortuiging ontslae raak dat vroegoggend die ideale tyd was nie. Die vrou wat my geleer het hoe om die Bybel te bestudeer en te onderrig, juffrou A. Wetherell Johnson, het opgemerk dat wanneer ons in die aand bid, dit is soos om ons viool in te stem nadat die

simfonievertoning verby is. Die viool moet natuurlik ingestem word voordat die vertoning begin sodat die klanke suiwer kan wees. Waarom sal ons ons instrument instem nadat ons dit gespeel het? Met dieselfde redenasie moet ons ons dag met gebed begin om te verseker dat ons in ooreenstemming met God leef. Hoekom sal ons net in die aand bid nadat ons reeds deur die dag gestrompel het? Hoewel dit wonderlik is om ons dag met gebed af te sluit, het sy my aangemoedig om in die oggend te bid terwyl die dag nog soos 'n skoon lei voor my lê – 'n skoon bladsy wat nog geleef moet word.

Ek was ook bewus daarvan dat daar oor en oor in die Bybel verwys word na gebed in die oggend. Net in Psalms is daar verskeie verwysings:

HERE, in die oggend sal U my stem hoor. Soggens bring ek my versoeke vol verwagting na U toe (Ps. 5:4).

Ek sal sing van u mag en in die oggend jubel oor u trou. Want U was my toevlug, 'n veilige skuiling in tye van nood (Ps. 59:17).

Ek roep na U om hulp, HERE. Elke oggend is my gebed voor U (Ps. 88:14).

Voor dagbreek roep ek om hulp, en plaas my hoop op u woord (Ps. 119:147).

Laat ek in die oggend hoor van u onfeilbare liefde, want ek vertrou op U. Wys my die pad waarop ek moet loop, want tot U rig ek my gebed (Ps. 143:8).

Hoewel hierdie teksverse my bemoedig het, was die een wat my oortuig het om my daartoe te verbind om vroegoggend tyd saam met die Here deur te bring, nie Dawid of die psalmis se voorbeeld nie, maar Jesus s'n. Markus openbaar in Markus 1:35 dat Jesus ná 'n baie besige dag van intense bediening "nog voor dagbreek die volgende oggend opgestaan en alleen op 'n stil plek gaan bid" het. Ek het gevoel God het my gelei om 'n gebedstyd vroeg in die oggend te vestig.

Maar ek is nie 'n oggendmens nie, het ek vir myself gesê. Ek is so 'n slaapkous. So alhoewel ek gedring gevoel het om op te staan en in die oggend te bid, en alhoewel ek oortuig van sonde gevoel het wanneer ek so laat moontlik geslaap het en nie opgestaan het vir gebed nie, het ek dit steeds nie gedoen nie. Ek was selfs verwaand genoeg om vir die Here te sê as Hy wil hê ek moet vroeg opstaan om te bid, sal Hy my self moet wakker maak! Maar ek het nie regtig besluit om vroeg op te staan nie en ook geen voorbereidings getref vir indien Hy my sou wakker maak nie.

Daar was eintlik kere wat ek so laat moontlik geslaap het en dan by God gekla het omdat Hy my nie wakker gemaak het vir my gebedstyd nie. Of ek sou wakker word, maar dan doelbewus omrol en mompel: "Here, gister was regtig baie besig en ek het gisteraand baie laat gaan slaap. Ek is net te moeg om vroeg op te staan. Ek weet U verstaan."

Ja, Hy het verstaan, maar wat Hy ook verstaan het, was dat ek my regtig nooit daartoe verbind het om op te staan om te bid nie, en daarom geen voorbereidings daarvoor getref het nie. Ek het goeie bedoelings gehad, maar het nie gehoorsaam opgetree nie.

En toe praat God baie ferm en duidelik met my. Terwyl ek sy briewe aan die sewe kerke in Openbaring bestudeer het met die bedoeling om dit vir ander te leer, het Hy dit vir my duidelik gemaak. Kom ek parafraseer sy woorde wat my so liefdevol tereg-gewys het:

Anne, Ek hou jou in my een hand en die Heilige Gees in die ander hand, soos 'n skaal wat in balans is. Ek het jou lewe teen Syne opgeweeg en jy skiet tekort. Ek weet waarmee jy besig is. Jy is in die bediening, reis oor die wêreld heen, vertel vir ander mense van My en oortuig hulle om na my stem te luister, maar jy self luister nie na My nie. Jy het 'n reputasie dat jy lewe – mense beskou jou as 'n voorbeeldige Christen – maar vanuit my perspektief skiet jy tekort – jy is besig om geestelik dood te gaan. Die gebede van jou gebedspan is nie 'n plaasvervanger vir jou eie gebede nie. Word wakker! ... Jou dae beteken nie veel in my oë nie, want jy bid nie. Onthou daarom wat Ek vir jou gesê het en toon berou (Op. 3:1-3).

Praat van 'n wekroep! Ek het na die plaaslike winkelsentrum toe gegaan en 'n wekker gekoop wat iemand in 'n koma sou wakker maak en dit vir 'n halfuur voor my normale opstaantyd gestel. Die eerste oggend wat dit afgegaan het, het ek my boeglam geskrik. My hart het woens in my bors geklop en my arme man het verskrik geskree: "Wat op aarde is dit?" Ek het geweet daar is geen manier hoe ek sou kon omrol en net verder slaap nie.

Ek het dus opgestaan. Uiteindelik het ek oorwinning behaal oor daardie komberse in die oggend. Maar toe ek kalmeer het, was ek steeds slaperig toe ek gaan bid het. Ek het my egter daartoe verbind om vroeg in die oggend op te staan vir my gebedstyd; daarom het ek geweet ek het nog voorbereidings gehad om te tref.

Dit is waarmee ek vorendag gekom het. Nadat ek my wekker die vorige aand gestel het, nadat ek die volgende oggend uit die bed gespring het die oomblik toe die wekker afgegaan het, nadat ek strekoefeninge gedoen het met harde aanbiddingsmusiek in die agtergrond, nadat ek vyf kilometer gaan draf het en ná my baie sterk koffie by die koffiewinkel sou ek helder wakker terugkom en my volkome tot my gebedstyd verbind. En dit het gewerk!

Dit werk tot vandag toe vir my, alhoewel ek deesdae nie meer 'n wekker nodig het om wakker te word nie. Om vroeg op te staan vir my gebedstyd is nou een van die vreugdes van my lewe. En 30 minute is lankal nie meer genoeg tyd nie, alhoewel daar dae is wat my verpligtinge my nie toelaat om meer tyd daarvoor opsy te sit nie. Wanneer my program redelik skoon is, kan my daaglikse tyd saam met die Here vir ure duur. Ek is mal daaroor! Ek kan nie wag om die Here op die bepaalde tyd op die vasgestelde plek te ontmoet nie. Maar dit het 'n ferm besluit geveg, praktiese voorbereidings en volharding om my tot by hierdie punt te bring. Gebed wat die hemel beweeg en nasies verander, vereis dat jou verbintenis lei tot optrede.

Daar is een ander aspek aan my voorbereiding wat ek op die harde manier geleer het. Dit is eintlik voor die hand liggend, maar nie altyd maklik om te doen nie. As ek vroeër in die oggend moet opstaan, móét ek – dit is nie opsioneel nie – vroeër in die aand gaan slaap. Daarom doen ek dit.

Ek het reeds vir jou gesê hoekom die tyd van die dag vir my

so belangrik is. Maar daar is niks supergeesteliks aan 'n vroegoggend-gebedstyd nie. Alhoewel elke aspek van ons gebed nie noodwendig op een slag op een plek verwoord hoef te word nie, glo ek die Daniël-gebed vereis dat ons 'n spesifieke tyd op 'n spesifieke plek daarvoor inruim. Jy kan die plek en tyd kies wat die beste vir jou sal werk om volkome op gebed te fokus. Die belangrikste punt is dat jy dit sal deursien met 'n voortdurende verbin-

SKEP 'N ATMOSFEER VIR GEBED

Daniël het nog iets gedoen wat ek glo hom gehelp het om te konsentreer wanneer hy gebid het. Hy was omring deur 'n vyandige omgewing met vyande wat jaloers na aanklagte gesoek het wat hulle teen hom kon gebruik. Hy het in 'n samelewing gebly waar mense baie gode aanbid het. En alhoewel Daniël uitsonderlike diens gelewer het, het die vorige koning, Belsasar, hooghartig na hom verwys as een van die Judese ballinge wat sy pa, Nebukadnesar, uit Juda gebring het (Dan. 5:13). Dit was 'n vernederende herinnering dat Daniël, ten spyte van die respek wat hy van sy gevangeners geniet het, steeds 'n slaaf was.

Die drie keer 'n dag wat Daniël na sy gebedsplek gegaan het, het hy sy venster oopgemaak wat in die rigting van Jerusalem gekyk het. Dié aangrypende gebaar het nie net sy verlange na sy stad en mense openbaar nie, maar ook sy eksklusiewe fokus op die God van Abraham, Isak en Jakob. Die God van sy vaders. Die God wat sy hele lewe by hom was, vir meer as 80 jaar. Die een, ware, lewende God vir wie Daniël aanbid en gedien en gehoorsaam het.

Hoewel ek nie vensters oopmaak wat na Jerusalem kyk nie, kyk ek wel op. Ek kyk op in die rigting van die Nuwe Jerusalem wat die Bybel die hemel noem. Wanneer ek vroeg in die oggend gaan stap en die maan in die weste sien sak terwyl die son in die ooste opkom, loof ek die Skepper wat nooit ophou om vir ons te sorg nie, wie se genade geen einde het nie en op wie se ontferming ons altyd kan vertrou (Klaagl. 3:22-23).

Soms wanneer ek die sonsopkoms oor die see sien, of die sons-
 ondergang agter die Great Smoky Mountain-bergreeks, of die

sterre in die naglig, is daar 'n pyn in my hart. Ek verlang om huis toe te gaan, na my hemelse tuiste. Ek word herinner dat hierdie lewe nie al is wat daar is nie.

Enige probleme of swaarkry wat ons hier ervaar, is nie die moeite werd om genoem te word wanneer ons dit vergelyk met die heerlikheid, eer en seën wat Hy op ons sal uitstort wanneer ons Huis toe gaan nie (Rom. 8:18). Om op te kyk, help my om op gebed te fokus wanneer ek herinner word dat ek in gesprek is met die groot God van die heelal wat in beheer is van alle dinge en tyd maak om my in my gebed te ontmoet omdat Hy my liefhet. Ek is vir Hom belangrik. En jy ook.

Jy hoef nie by jou venster uit te kyk of op te kyk nie. Daar is verskeie maniere waarop jy die atmosfeer vir jou gebedstyd kan voorberei. Verander af en toe jou bepaalde plek na iewers buite waar jy kan nadink oor die skoonheid van God se skepping. Of gebruik die woorde van gesange of lofliedere om jou te help fokus. Jy kan aanbiddingsmusiek speel om jou te help om van jou daaglikse roetine oor te gaan na God se teenwoordigheid. Jy kan selfs aspekte van kleur en dekor gebruik om die atmosfeer te skep in die ruimte wat jy opsy gesit het. Dink net aan wat jou sal help om op God te fokus.

Daniël het 'n atmosfeer geskep wat bevorderlik was om hom op gebed te help fokus deur 'n venster oop te maak wat uitkyk na Jerusalem. Hy het uitgestyg bo sy gevangenskap en na God se teenwoordigheid ontsnap, op sy knieë neergesak en met sy hart opgekyk (Dan. 6:11).

DIE REGTE GESINDHEID VIR GEBED

Daniël se liggaamstaal het hom help onthou dat terwyl hy bid, hy Daniël, 'n slaaf in ballingskap, 'n oudiënsie het met die Een wat die lewende God is, die Allerheerlike, Allerheiligste, die God uit die verre verlede (Miga 5:1), die Almagtige. Die Een wat sy Naam vir ewig op Jerusalem gesit het. Die Een wat verklaar het sy oë en hart sou altyd daar wees (2 Kron. 7:16). Die Een wat sy volk nooit sou verlaat nie, selfs nie wanneer hulle in ballingskap is nie (Ps. 94:14). Wanneer Daniël sy knieë voor God gebuig het, was dit 'n uiterlike gebaar wat sy innerlike gesindheid van nederigheid,

eerbied, onderdanigheid en getrouheid openbaar het aan die Een soveel groter as hyself of enige aardse koning of wêreldheerser.

Wanneer laas het jy op jou knieë gebid? Het jy al ooit op jou knieë gebid? Probeer dit. Die verskil wat jou uiterlike posisie op jou innerlike gesindheid maak wanneer jy bid, kan jou dalk verras.

Daniël het nie net gekniel wanneer hy gebid het nie, maar het ook 'n gewoonte daarvan gemaak om vir God dankie te sê. Hy het 'n "gesindheid van dankbaarheid" beoefen – van dankbaarheid ten spyte van neerdrukkende omstandighede. Dink daarvoor. Sy vyande het buite sy venster op die loer gelê en sy dood beplan. Hy was ouer as 80 jaar en steeds meer as 1 200 kilometer van sy huis af. Hy het 'n wrede koning gedien wat sy geliefde stad verwoes en ontelbare mense doodgemaak het, baie wat ek seker is Daniël geken en liefgehad het. Sy kinderdrome het verwaag. Teen hierdie stadium van sy lewe moes hy ook tot die besef gekom het dat hy nooit sou huis toe gaan nie. Hy sou nooit weer sy geliefde Jerusalem sien nie. En stéeds was hy dankbaar. Hoe is dit moontlik?

Wat van jou?

Wanneer die lewe vir jou 'n draaibal boul, is jy dankbaar?

Wanneer jou verwagtings, doelwitte en drome nie realiseer nie, en nooit sal nie, is jy dankbaar?

Wanneer jou lewensomstandighede van sleg na slegter verander, is jy dankbaar?

Wanneer jou kritici elke beweging van jou dophou en gretig wag vir iets wat hulle teen jou kan gebruik, is jy dankbaar?

Wanneer jy vasgevang word deur liggaamlike pyn, of 'n beledigende huweliksmaat, of 'n veeleisende werkgewer, of 'n gevoellose ouer, is jy dankbaar?

Hoe kan enigiemand onder sulke omstandighede dankbaar wees?

Daniël se gesindheid demonstreer een van die groot geheime van vertrouwe in God. Die sleutel tot dankbaarheid is nie om God deur die lens van ons omstandighede te sien nie, maar om ons omstandighede deur die lens van God se liefde en soewereine doel te sien. God het Daniël nie opgeroep tot 'n lewe van gemak

nie, maar tot 'n lewe van grootheid. Daarom kon Daniël God dank vir alles in sy lewe. Namate hy sy winterjare genader het, het hy geweet dat alles ten goede saamgewerk het om hom in staat te stel om God se doel te vervul (Rom. 8:28).

Gevolglik het Daniël inderdaad 'n lewe van grootheid geleef. Miskien is Daniël vanuit die hemel se perspektief inderdaad die grootste profeet in die Ou Testament. Ons verwys steeds na sy profesieë om sin te maak van wat ons vandag om ons in die wêreld sien gebeur.

Ten spyte van sy omstandighede het Daniël se getrouheid aan God hom ook onderskei van dié om hom. Met God se guns het hy baie gou opgang gemaak in die Babiloniese stelsel sodat hy met buitengewone onderskeiding uitgestaan het tussen soveel ander bannelinge uit Juda. Gedurende sy leeftyd was hy die koning se raadgewer, 'n goewerneur in Babilon, en toe die eerste minister onder Nebukadnesar, Belsasar (vir een nag), Darius en Kores. En daar word vandag nog erken dat sy kennis van sterrekunde 'n invloed gehad het op die wyse manne wat ongeveer 500 jaar later van die ooste af gereis het om die pasgebore Koning van die Jode in Betlehem te gaan aanbid.²

Eenvoudig gestel, Daniël was merkwaardig.

As hy toegegee het aan selfbejammering, woede, wrewel, bitterheid, onvergewensgesindheid of 'n wraakgierige gees met 'n "hoekom ek?"-gesindheid teenoor God, twyfel ek of ons ooit van hom sou gehoor het. In plaas daarvan het Daniël elke dag drie keer redes gevind om dankbaar te wees.

Wat is jou gesindheid? Veral wanneer jy in "gevangenskap" is – vasgevang op 'n manier wat jou daarvan weerhou om te doen wat jy wil, gaan waar jy wil, wees wie jy wil wees of te kry wat jy wil hê. Wanneer God toegelaat het dat jy die een of ander ballingskap ervaar – afgesny is van vriende, familie, dit wat bekend is aan jou; wanneer Hy persoonlike rykdom, gesondheid, voorspoed of geluk van jou weerhou het – is jy dankbaar teenoor Hom?

Ek wonder ... sal jy tevrede wees om net 'n volgeling van Jesus te wees, of streef jy na grootheid? Moenie tevrede wees met minder as volkome vervulling van die potensiaal wat God vir jou in gedagte gehad het toe Hy jou geskep het en toe Hy 'n persoonlike verhouding met jou gevestig het nie. Gee jou lewe aan

God se doel oor, selfs wanneer dit dalk lyk of dit net mooi die teenoorgestelde is van wat jy gedink het jy wou hê. Hoewel God se doel dalk radikaal kan verskil van die plan wat jy vir jou lewe gehad het, moenie 'n fout maak nie, sy plan is baie groter ... dit sal langer duur en 'n groter impak hê ... as enige plan wat jy ooit vir jouself kon uitdink. Ek weet uit persoonlike ervaring. En Daniël het ook.